

# DIE MOETS EN MOENIES TYDENS VLOEDE

AfriForum

# Wat is 'n vloed?

- 'n Vloed is die tydelike oorloop van water na land wat normaalweg droog is. Dit is die algemeenste natuurramp in Suid-Afrika.
- Vloede vind plaas as gevolg van reën, kusstorms, stormgolwe en die oorloop van damme en riviere en ander waterstelsels.
- Vloede ontwikkel stadig of vinnig. Kitsvloede kan sonder waarskuwing kom.
- Vloede veroorsaak kragonderbrekings, ontwrig vervoer, beskadig geboue en veroorsaak grondverskuiwings.
- As jy versuim om oorstroomde gebiede te ontruim, of as jy vloedwaters binnegaan of bly nadat 'n vloed verby is, kan jy beseer word of selfs doodgaan.

# Wat om te doen om veilig te bly tydens 'n vloed:

- Ken die vloedrisiko van jou area.
- Bly op hoogte van die weerdienste se waarskuwings: **www.weathersa.co.za**.
- As kitsvloede 'n risiko in jou buurt is, moniteer moontlike tekens soos swaar reën.
- Leer en oefen ontruimingsroetes, skuilingplanne en kitsvloedreaksieplanne.
- Maak voorraad bymekaar ingeval jy dadelik moet ontruim of as basiese dienste afgesny word. Hou elke persoon se spesifieke behoeftes in gedagte, insluitend medikasie, en moenie die behoeftes van jou troeteldiere vergeet nie. Sorg vir ekstra batterye en laaitoestelle vir selfone en ander kritieke toerusting.
- Neem vloedversekering uit.
- Hou belangrike dokumente in 'n waterdigte houer. Skep wagwoordbeskermde digitale kopieë.
- Beskerm jou eiendom: Skuif waardevolle items na hoër vlakke; maak dreine en geute skoon; installeer keerkleppe; en oorweeg 'n dreineerpomp met 'n battery.

**Wees nou reeds voorbereid!**

# As jy onder 'n vloedwaarskuwing is, vind veilige skuiling EN onthou die volgende oorlewingstappe:

- Luister na die radio, weerdienste of waarskuwingstelsels vir intydse noodinligting en instruksies (bv. plaaslike WhatsApp-groepe of tweerigtingradiostelsels).
- Indien jy aangesê word om te ontruim, doen dit dadelik.
- Afhangende van waar jy is en die impak en die waarskuwingstyd van vloede, gaan na die veilige plek wat jy geïdentifiseer het.
- Moenie deur vloedwater loop, swem of ry nie; draai eerder om. Ongeveer 15 cm se vinnig bewegende water kan jou voete onder jou uitslaan en ongeveer 30 cm se bewegende water kan jou voertuig meesleur.
- Moenie om versperrings ry nie; plaaslike reaksiepersoneel gebruik dit om verkeer veilig uit oorstroomde gebiede te lei.
- Bly weg van brûe oor vinnig bewegende water. Vinnig bewegende water kan brûe sonder waarskuwing wegspoel.
- As jou voertuig in vinnig bewegende water vasgevang is, bly binne die voertuig. Klim op die dak van die voertuig as water in die voertuig begin instroom.
- Bepaal waar jy die beste beskerm sal wees gebaseer op die tipe oorstroming.
- As jy buite is, beweeg na 'n hoër area. As jy in 'n gebou vasgekeer is, gaan na die gebou se hoogste vlak. Moenie in 'n toe solder of kamer klim nie, want jy kan deur stygende vloedwater vasgekeer word. Gaan net na die dak as dit nodig is en sein vir hulp.
- As jy reeds op 'n veilige plek is, bly waar jy is.



# Wees só veilig ná 'n vloed:

- Luister na die owerhede vir inligting en instruksies.
- Moenie jou voertuig bestuur nie, behalwe in noodgevalle.
- Wees bewus dat daar slange en ander diere in jou huis kan wees nadat vloedwater daardeur is. Dra daarom dik handskoene en stewels as jy die huis begin skoonmaak.
- Moenie in vloedwater beweeg nie, aangesien die water gevaarlike rommel kan bevat en besmet kan wees. Ondergrondse of afgeslaande kragdrade kan die water elektries laai.
- Gebruik 'n kragopwekker of ander brandstofaangedrewe masjinerie SLEGS buite en weg van vensters.
- Wees bewus van die risiko's van elektriese skok. Moenie aan elektriese toerusting raak as dit nat is of as jy in water staan nie. Wanneer dit veilig is om dit te doen, skakel eers die elektrisiteit af om elektriese skok te voorkom, voor jy met die werk voortgaan wat gedoen moet word.




Navy